GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D6

# AFRIKAANS

## EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1

## JUNIE EKSAMEN 2017
## GRAAD 10

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**
**TYD: 2 UUR**

**Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 8 bladsye**

## AFDELING A: LEESBEGRIP
## ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
  Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.

- By oop vrae verdien die rede / motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir:
    - JA / NEE;
    - EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE;
    - WAAR / ONWAAR en
    - FEIT / MENING nie.

  Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA / NEE; EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE insluit / impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde / twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord / woorde is ... .

- By vrae wat een feit / punt of twee / drie feite / punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e) / punt(e) gevra) na. Indien die feit(e) / punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) nagesien.

- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin / sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**
**TEKS A: ARTIKEL**

## Advertensies – Koper pasop!

*356 woorde*

| NR. | MEMORANDUM | PUNT | DENK VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Uitroepteken | 1 | 3 |
| 1.2 | • op die televisie (tv)<br>• in koerante<br>• in tydskrifte<br>• op advertensieborde<br>[Enige TWEE] | 2 | 1 |
| 1.3 | • gehoor (ore)<br>• sig (oë)<br>(ALTWEE) | 2 | 2 |
| 1.4 | • moedeloosheid<br>• kwaad / woede<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.5 | • A<br>• 25%<br>• A 25%<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.6 | Vir elke uur wat jy TV kyk, word ten minste vyftien minute kyktyd aan advertensies afgestaan. | 1 | 3 |
| 1.7 | • Advertensies kan jou iets leer<br>• Advertensies lig jou in oor ’n produk.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.8 | • Dit beïnvloed mense om te koop wat hulle nie nodig het nie.<br>• Laat hulle iets koop wat hulle nie kan beskostig nie.<br>(ALTWEE) | 2 | 1 |
| 1.9 | • Slegs die voordele van die produk word uitgelig.<br>• Die nadele van die produk word nie uitgelig nie.<br>• Hulle word oorreed om te koop (en om nie objektief te dink nie).<br>(ENIGE TWEE) | 2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.10 | as hulle bewus is van advertensie-tegnieke | 1 | 1 |
| 1.11 | • B<br>• reklamewa<br>• B reklamewa<br><br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.12 | "Moenie vir hierdie groepsdruk ingee nie." | 1 | 3 |
| 1.13 | Wanneer iets groter gemaak word as wat dit werklik is. | 1 | 2 |
| 1.14 | Oordrywing | 1 | 3 |
| 1.15 | • A<br>• spreek<br>• A spreek<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.16 | • Omdat die klante belangrik is<br>• om te beklemtoon dat die klante belangrik is<br><br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.17 | • Hulle skud hande.<br>• Hulle glimlag.<br>• Hulle lyk tevrede | 1 | 3 |
| 1.18 | Ja:<br><br>• Ek sal die produkte wat die beste vir my is, koop.<br>• Ek sal kan aflei of die adverteerders eerlik is of nie.<br>• Ek sal uitkyk vir inligting wat gegee en weerhou word.<br><br>Nee:<br><br>• Ek sal steeds koop waaraan ek gewoond is.<br>• Dit maak nie saak wat advertensies sê nie.<br>• Ek sal koop wat ek nodig het ongeag wat adverteerders sê.<br><br>(Enige TWEE redes)<br><br>LET WEL: JA en NEE verdien nie 'n punt nie.) | 2 | 4 |
| 1.19 | Dit lees makliker.<br>Dit word makliker onthou.<br>Dit beklemtoon feite.<br>(Enige Een/ of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.20 | Sy geld | 1 | 1 |
| 1.21 | "minder as 'n klipgooi" | 1 | 3 |
| 1.22 | C | 1 | 1 |
| 1.23 | Woensdae | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.24 | Kleiner porsies | 1 | 1 |
| 1.25 | A en D | 1 | 2 |
| | | | **[30]** |
| | **AFDELING B: OPSOMMING** | | |
| | **VRAAG 2** | | |

| Aanhaling | Voorgestelde antwoord |
|---|---|
| 1. **Was elke dag jou voete** en **dra elke dag skoon sokkies.** Almal se voete sweet en daarom moet dit baie skoon gehou word. | 1. Jy moet jou voete daagliks was.<br>2. Jy moet elke dag skoon sokkies aantrek. |
| 2. **Hou jou toonnaels kort deur dit gelyk te knip.** Moet dit nie rond knip nie, want jy sal ingroei toonnaels ontwikkel. | 3. Jy moet jou toonnaels kort en gelyk knip. |
| 3. **Droog jou tone versigtig af,** veral tussen die tone. 'n bietjie voetpoeier tussen die tone help om dit droog en vars te hou. | 4. Jy moet jou voete versigtig afdroog. |
| 4. **Maak seker dat jou sokkies pas**. Te klein sokkies kan jou netsoos te klein skoene jou voete beskadig. | 5. Jou sokkies moet pas. |
| 5. **Om soveel as moontlik kaalvoet te loop is baie goed vir jou voete**. Dit hou jou voete gesond. | 6. Loop soveel as moontlik kaalvoet. |
| | |
| 6. **Wanneer jy skoene koop, moet jy** die kenner op die gebied van skoene toelaat om te **kyk dat dit behoorlik pas.** | 7. Koop skoene wat pas. |
| | **(AL SEWE FEITE)** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

TOEKENNING VAN TAALPUNTE VIR GETAL FEITE KORREK:

1-3 feite korrek: 1 taalpunt

4-5 feite korrek: 2 taalpunte

6-7 feite korrek: 3 taalpunte

TAALPUNTE EN AANHALINGS:

6-7 aanhalings: leerling kry 0 vir taal

1-5 aanhalings: leerling kry slegs 1 punt vir taal

**Lengte**: Nasiener moet hom-/haarself vergewis van die aantal woorde. Geen punte word afgetrek indien daar te min/te veel woorde is nie of as die getal woorde verkeerd aangedui is nie. Indien die getal woorde meer is as die toegelate getal, lees die nasiener slegs tot aan die einde van die laaste sin voor die maksimum woorde. Ignoreer dan die res van die opsomming.

| NR. | MEMORANDUM | Punt |
|---|---|---|
| | **Afdeling C: Taal** | |
| | **ASSESSERINGSRIGLYNE**<br><br>**Woordstrukture:**<br>• Spelling moet korrek wees om punt te verdien.<br><br>**Sinstrukture:**<br>• Wanneer verlede tyd getoets word, moet ge- as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.<br>• Wanneer die infinitief getoets word, moet te in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.<br>• Verder tel spelling nie.<br>• Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.<br>• Indien die opdrag sê dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word. | |

| NR. | MEMORANDUM | PUNT |
|---|---|---|
| | **VRAAG 3 : ADVERTENSIE** | |
| | **TEKS D** | |
| | | |
| 3.1 | DBV<br>Dierebeskermingsvereniging<br>(Enige EEN)<br>(Nie SPCA nie) | 1 |
| 3.2 | • Mense wat diere besit<br>• Diereliefhebbers<br>(Enige EEN) | 1 |
| 3.3 | • Om vir een uur die DBV te gaan help<br>• Om diens te lewer vir die DBV vir 1 uur<br>(Enige iets soortgelyks) | 1 |
| 3.4 | een uur<br>Korrekte spelling – dui tydsduur aan. | 1 |
| 3.5 | • C : daaraan<br>• daaraan<br>• C<br>(Enige een) | 1 |
| 3.6 | Jy/ Die leser/ Ek | 1 |
| 3.7 | Drie | |
| 3.8 | Met die woorde in vetgedruk"**Help asseblief!"**<br>Die prentjies van die diere/ Dier wat praat<br>Die treffende slagspeuk " JY (hoofletters) kan 'n verskil maak.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 |
| 3.9 | Jy kan 'n verskil maak | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **VRAAG 4: STROKIESPRENT** | |
| | **TEKS E** | |
| | | |
| 4.1 | seuntjie | 1 |
| 4.2 | Calvin lê op sy bed **omdat** hy wil slaap. | 1 |
| 4.3 | in | 1 |
| 4.4 | maanlig | 1 |
| 4.5 | denneboom | 1 |
| 4.6 | donkerste | 1 |
| 4.7 | • meisies<br>• dogters | 1 |
| 4.8 | doodbang | |
| 4.9 | • B<br>• dooie jan | 1 |
| 4.10 | Calvin en Hobbs soek die spook | 1 |
| | | **[10]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT** | |
| | **TEKS F** | |
| | | |
| 5.1.1 | • B<br>• hoenders<br>• (B) hoenders | 1 |
| 5.1.2 | Sy het ŉ baie mooi haan. | 1 |
| 5.1.3 | Die tuinwerker het haar een middag uitasem in die kombuis vertel. | 1 |
| 5.1.4 | Dit was 'n misdaadtoneel. | 1 |
| 5.1.5 | Die haan is 5 m van die sinkdam gekry.<br>Die haan is deur tannie Sarie 5 m van die sinkdam gekry.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 5.1.6 | Daar was klei in die haan se bek en keel. | 1 |
| 5.1.7 | Sy het hom aan sy voet onder die bed uitgesleep. | 1 |
| 5.1.8 | wat | 1 |
| 5.1.9 | Hendrik sê dat die hoender nie √ kan swem nie. √ | 2 |
| 5.1.10 | Hendrik sê: "Ek het die haan op die grond neergesit." | 2 |
| 5.1.11 | Die hoender staan. | 1 |
| | | **[14]** |
| 5.2 | TE**KS G** | |
| | | 1 |
| 5.2.1 | laerskool | |
| 5.2.2 | lief | |
| 5.2.3 | • B<br>• tuinslang<br>• B tuinslang<br>(Enige EEN) | 1 |
| 5.2.4 | troeteldier | 1 |
| 5.2.5 | horings | 1 |
| 5.2.6 | aan | 1 |
| | | **[6]** |
| | **TOTAAL AFDELING C : 40**<br>**GROOTTOTAAL: 80** | |